# LAERSKOOL HARTENBOS

## Sportbeleid

**Doel:**

Die doel van hierdie dokument is om die doelwitte, basiese beginsels, algemene reëls en riglyne, gedragskodes, prosedure en struktuur van sportdeelname by Laerskool Hartenbos te dokumenteer. Die einddoel is om te verseker dat kommunikasie tussen ouers, kinders, sportorganiseerders, onderwysers, afrigters, sportkomitees en alle betrokkenes verbeter.

**Wetgewing wat hierdie beleid ondersteun:** Suid-Afrikaanse Skole Wet en ander ondersteunde dokumente.

**Werkswyse, gesprekke en insette van:**

I. SKOOLHOOF

II. SPORTORGANISEERDERS

III. SPORTKODEVOORSITTERS

IV. AFRIGTERS

V. HULPAFRIGTERS

**Opgestel deur:**

Dawie Dyason (sportorganiseerder); Jaydee Bester (sportorganiseerder)

**Datum opgestel:** 29 Julie 2021

**Datum opgedateer:** 1 Maart 2022

**Implementeringsdatum:** 18 Maart 2022

**Geteken deur:**

.....
**VOORSITTER VAN DIE BEHEERLIGGAAM**

23/03/22
.....
**DATUM**

.....
**SKOOLHOOF**

23 MAR 2022
.....
**DATUM**

# Inhoudsopgawe


| | | |
|---|---|---|
| 1. | Inleiding | 3 |
| 2. | Ons Sport se Visie, Missie en Waardes | 3 |
| 3. | Aanbieding van Sport | 4 |
| 4. | Struktuur | 5 |
| 5. | Kommunikasie | 6 |
| 6. | Logistiek | 7 |
| 7. | Gedragskode | 8 |
| 8. | Algemene Reëls en Etiket | 11 |
| 9. | Kleredrag | 14 |
| 10. | Erkenning en Toekennings | 14 |
| 11. | Finansies | 14 |
| 12. | Sportmerietebeleid | 15 |
| 13. | Sportmeriete | 16 |

# 1. Inleiding

Die skool as opvoedkundige instelling behoort die plek te wees waar sportetiek en moraliteit ontwikkel word as deel van die groter opvoedingsdoel om die kind voor te berei vir die volwasse lewe.

Sport is vandag 'n multi-dimensionele aktiwiteit. Die strewe om te wen is baie sterk. Die soeke na voortreflikheid en onderskeiding is 'n natuurlike drif van die mens.

Sport bied aan die afrigter en die deelnemer veelvuldige opvoedkundige waardes soos:

Vinniger: om jou medemens by te staan of op te hef;
Hoër: te streef na morele vorming;
Sterker: te staan teen die uitdagings van die lewe, teleurstellings, terugslae ens.

Die belangrikste saak is nie om te wen nie, maar om deel te neem met eerlike spel.

By Laerskool Hartenbos geniet alle sportsoorte gelyke aansien.

Leerders sal aangemoedig word om aan ten minste een skool somersportsoort en een skool wintersportsoort deel te neem.

# 2. Ons Sport se Visie, Missie en Waardes

### 2.1 Visie

Om sport by Laerskool Hartenbos as 'n opvoedkundige instrument te bevorder deur middel van kwaliteit afrigting en toeganklik te maak vir alle leerders wat wil deelneem.

***In Dolfynkontrei reik elke Dolfyntjie na die hoogste brander!!***

### 2.2 Missie

i. Om sport by Laerskool Hartenbos só aan te bied dat dit vir elke deelnemende leerder 'n genotvolle ervaring sal wees.
ii. Om die nodige vaardighede af te rig, wat sal verseker dat die leerders tot hulle volle potensiaal sal ontwikkel.
iii. Om die nodige afrigters (so ver moontlik spesialiste) te identifiseer om die vereiste vaardighede by die leerders te vestig.
iv. Om sport aan ons leerders te bied deur goedtoegeruste, gemotiveerde en kundige afrigters te gebruik, met die beste, bekostigbare fasiliteite binne die omgewing, in vennootskap met betrokke ouers.

### 2.3 Waardes

Die volgende waardes word by Laerskool Hartenbos nagestreef in sport:

- Respek vir jou liggaam en die opponent se liggaam.
- Respek vir die reëls van die spel.
- Respek vir die skeidsregter se beslissings.
- Wen met trots. Maar verloor met waardigheid sonder verskonings.
- Hou jou liggaam, houding en gedagtes rein as voorbeeld vir ander.
- Strewe na liggaamlike fiksheid en vermy selfsugtigheid en egoïsme.
- Deel jou sukses met ander.
- Dank die Skepper vir jou talente.
- Deelname aan 'n wye verskeidenheid van sportsoorte.

### 2.4 Doelwitte vir elke deelnemer, afrigter en betrokkene

Die volgende spesifieke doelwitte word in elke sport nagestreef:

- Die onvermoeide, volgehoue aanleer van besondere vaardighede.
- Die bevordering van verstandelike en geestelike prestasie, omdat dit nie geskei kan word van fisiese prestasie nie.
- Om al die leerders, ongeag hul individuele vermoëns, aan gelyke vlakke van afrigting bloot te stel, sodat die leerders gelyke geleenthede ontvang om hulle talente te ontwikkel.
- Om alle sportaktiwiteite te monitor, te koördineer, organisasie en kommunikasie te verfyn en te verseker dat alle aktiwiteite op 'n professionele vlak funksioneer.
- Waar kundigheid ontbreek, word gebruik gemaak van kundige ouers of buite-afrigters.
- Kommunikeer gereeld en betyds met alle rolspelers.

# 3.Aanbieding van Sport

### 3.1 Sportsoorte

Die volgende sportsoorte word by Laerskool Hartenbos aangebied:

I. Atletiek
II. Hokkie
III. Krieket
IV. Landloop
V. Netbal
VI. Rugby
VII. Skaak
VIII. Tennis

### 3.2 Sportindeling

Die sportaanbieding per kwartaal lyk as volg:

| KWARTAAL 1 | | | KWARTAAL 2 | | | KWARTAAL 3 | | | KWARTAAL 4 | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| JAN | FEB | MRT | APR | MEI | JUN | JUL | AUG | SEP | OKT | NOV | DES |
| ATLETIEK | | | | | | | | ATLETIEK | | | |
| KRIEKET | | | | | | | | KRIEKET | | | |
| TENNIS | | | | | | | | | | | |
| | | | HOKKIE | | | | | | | | |
| | | NETBAL | | | | | | | | | |
| | | RUGBY | | | | | | | | | |
| | | LANDLOOP | | | | | | | | | |
| | SKAAK | | | | | | | | | | |

### 3.3 Oefentye

Oefendae en –tye sal aan die begin van elke seisoen aan ouers en leerders gekommunikeer word. Dit is belangrik dat 'n leerder en sy/haar ouers keuses sal uitoefen en daarby sal hou. Ons beveel aan dat 'n leerder aan minstens een skool somersportsoort en een skool wintersportsoort sal deelneem. Ouers moet hulle kinders lei om nie by te min of te veel aktiwiteite betrokke te raak nie. Die sportsoorte vir 'n spesifieke kwartaal het **voorkeur** om oefentye te bepaal.

# 4.Struktuur

### 4.1 Skoolstruktuur



### 4.2 Rolspelers

4.2.1 Die **Sportorganiseerder** is verantwoordelik vir die bestuur en koördinering van sport, asook kommunikasie t.o.v. sport by ons skool.

4.2.2. Die **Sportkodevoorsitter** (Onderwyser) is verantwoordelik vir die **bestuur, koördinering** en **spesifieke kommunikasie van 'n spesifieke sport.** Dié persoon werk saam met die Sportorganiseerder om die nodige afrigters en hulpafrigters aan te stel.

4.2.3. Die **Afrigter** is verantwoordelik vir afrigting van 'n spesifieke sportsoort. Dié persoon moet gekwalifiseerd wees, met voldoende ervaring in die afrigting van die spesifieke sport. Die persoon moet ook as skeidsregter kan optree by wedstryde. Afrigters sal hoofsaaklik uit onderwysers bestaan waar van toepassing.

4.2.4. **Hulpafrigter(s)** ondersteun die afrigter en help spesifiek met die inoefening van spesifieke
vaardighede, opwarming en kleiner groep-oefeninge. Ouers is welkom om as hulpafrigters op te tree by die skool. Ouers mag wel nie by hulle eie kind se span afrig of betrokke wees van proewe nie. 'n Ouer mag ook nie hulp aanbied by enige vorm van 'n A-span nie waar sy/haar kind betrokke is nie.

4.2.5. **Privaat-Afrigter(s) / Buite-Afrigter(s)** is welkom om die skool se fasiliteite te gebruik. Hierdie persone sal egter 'n huurkontrak onderteken en 'n kwartaallikse fooi betaal van (sien Addendum A) om die fasiliteite/skooltoerusting te kan gebruik. Hierdie afrigter het geen insae of betrokkenheid by die skool se spanne nie. Leerders wat privaat afrigting kry, stuur aan organiseerder 'n epos wat bevestig dat sy wel by buitepersoon afrigting kry.

# 5. Kommunikasie

Kommunikasie is die kern tot die suksesvolle beoefening van sport by ons skool. Kommunikasie moet gereeld, betyds en volledig wees. Kommunikasie is die verantwoordelikheid van die Sportorganiseerder(s) en die Sportkodevoorsitter(s).

### 5.1 Ouerkontak

Indien 'n ouer iets wil bespreek rakende 'n speler/leerder, kan hy/sy die afrigter skakel. Indien die ouer nie die afrigter direk wil skakel nie, kan die Sportorganiseerder(s) of die Sportkodevoorsitter(s) gekontak word om 'n afspraak te maak. Klagtes moet onder die Sportorganiseerder(s) se aandag gebring word

# 6. Logistiek

### 6.1 Logistieke beplanning
Logistieke beplanning is die verantwoordelikheid van die Sportorganiseerder(s) en Sportkodevoorsitter(s).

### 6.2 Fasiliteite
Die skool beskik oor uitstekende fasiliteite vir oefening en wedstryde vir die volgende sportsoorte:

i. Atletiek
ii. Hokkie
iii. Krieket
iv. Landloop
v. Netbal
vi. Rugby
vii. Skaak
viii. Tennis

### 6.3 Byeenkomste, ligawedstryde en toernooie
Raadpleeg asb. die skool se Webblad, D6 Communicator en Briesnuus vir alle inligting aangaande oefentye, wedstryde en ander reëlings.

### 6.4 Wedstrydbriefies
Elke speler ontvang 'n wedstrydbriefie by sy afrigter indien hy/sy gekies is om 'n span van Laerskool Hartenbos op die sportveld te verteenwoordig. Hierdie brief bevat die nodige logistieke reëlings rondom waar, wanneer en hoe laat wedstryde gespeel word asook die verdaag en vervoer tye. As die leerder nie 'n briefie ontvang het nie, dan speel hy/sy nie die betrokke wedstryde nie

### 6.5 Weersomstandighede
Reëndag reëlings en sport:
Om akkurate voorspellings te maak ten opsigte van die weer, bly 'n tameletjie. Die volgende reëlings geld wanneer dit reën of as die weervoorspelling dit so aandui:
Die skoolhoof en sportorganiseerder sal saam besluit of oefeninge/wedstryde afgestel word as gevolg van reën/ongure weer. Die finale besluit sal om 12:00 op die betrokke dag gemaak word. Leerders en ouers word dan in kennis gestel, indien oefeninge/wedstryde afgelas word. 'n Boodskap sal deur die D6 Communicator en Whatsapp-klasgroepe aan die ouers gestuur word. Neem kennis dat dit dan alle buitemuurse aktiwiteite insluit. Indien oefening normaal voortgaan sal daar nie 'n boodskap gestuur word nie.

### 6.6 Vervoer
- Daar word busse vir ver byeenkomste/wedstryde gereël.
- Alle deelnemers/spelers hoef nie van busvervoer gebruik te maak na 'n betrokke byeenkoms nie en mag toestemming van die organiseerder/afrigter vra om saam met ouers terug te ry, om reëlings te vergemaklik.
- Toesig is te alle tye verpligtend vir busvervoer asook die terugkeer totdat alle kinders deur hulle ouer/voogde afgehaal is.

- Voor elke wedstryd word die reëlings skriftelik aan die ouers/voogde deurgegee. Leerders wat met eie vervoer reis of van 'n bus gebruik maak, word d.m.v. 'n opname bepaal.
- Indien skoolbussies beskikbaar is, kan dit gebruik word.
- Indien nie, moet ouers verantwoordelik wees vir vervoer van deelnemers.
- Leerders wat van eie vervoer gebruik maak, moet ten minste 30-minute voor wedstryde by die afrigter aanmeld.
- Ouers kan self reëlings tref sodat hulle kinders saam met ander ouers ry. Ouers aanvaar eie verantwoordelikheid om ander leerders te vervoer. Die afrigter moet egter in kennis gestel word indien die leerder saam met ander ouers ry.

### 6.7 Wegwedstryde

Leerders verdaag uit die klasse eers nadat hulle uitgeroep is oor die interkomstelsel. Dit geskied volgens die tye soos aangedui op die wedstrydbriefie wat die speler ontvang het. Geen leerders mag voor die tyd verdaag nie. Almal tree dan aan by die teerblad voor die busloots. Presensie sal deur elke afrigter geneem word en daarna sal leerders verdaag na hul ouers en/of na busvervoer. Spelers moet minstens 30 minute voor hul wedstryde by die afrigter aanmeld. Daar sal vooraf met leerders gekommunikeer word indien hulle met sportklere skool toe kan kom op die betrokke dag. Indien nie, kan die leerders 2de pouse hul sportklere aantrek vir die middag se wedstryde.

### 6.8 Toere

Dit staan die organiseerder en afrigter vry om volgens die Skoolbeleid ten opsigte van toere só 'n uitstappie vir 'n betrokke sportsoort te reël. Dit moet noukeurig en betyds beplan word in oorleg met die sportorganiseerder en skoolhoof.

### 6.9 Sportfoto's

Spanfoto's word jaarliks geneem (spelers in korrekte sportdrag). Dit vind normaalweg plaas in die derde kwartaal. Leerders wat nie die korrekte kleredrag vir 'n foto aan het nie, mag nie op die foto verskyn nie.

# 7.Gedragskode

Die Sportbeleid is onderhewig aan, en onderskryf ten volle die skool se erekode en algemene gedragskode, soos gepubliseer in die leerders se dagboek (huiswerkboek) en ontvang deur elke leerder in die skool. Daarby voeg ons graag die volgende sake, spesifiek gerig op positiewe sportgedrag.

### 7.1 Sportmangees

Alhoewel deelname aan sport 'n fisiese aktiwiteit is en daar kompetisie betrokke is, moet elke leerder besef en leer hoe om 'n goeie en voorbeeldige sportman of sportvrou te wees.

### 7.2 Onaanvaarbare gedrag

Die volgende lys bevat voorbeelde van onaanvaarbare gedrag:

- Laat vir wedstryde.
- Laat vir oefeninge, of wegbly van oefeninge, sonder 'n geldige rede.
- Slordige voorkoms of verkeerde kleredrag.
- Onsportiewe optrede.

- Persoonlike aanmerkings teenoor teenstanders.
- Vuil taal.
- Uitdaging van skeidsregters se gesag.
- Die gooi of beskadiging van toerusting (bv. tennisraket of krieketkolf).
- Enige optrede wat die skool se goeie naam in gedrang kan bring.

**7.3 Gedragskode vir leerders**

As 'n deelnemer aan buitemuurse aktiwiteite by Laerskool Hartenbos, behoort ek te besef dat ek te alle tye 'n ambassadeur is vir my skool, en sal dáárom dienooreenkomstig gehoorsaam wees aan die volgende bepalings:

- Altyd 'n voorbeeld van goeie sportmangees stel.
- Altyd respek teenoor my maats, opponente en die skeidsregter betoon.
- Altyd onthou dat ek deel is van 'n span en dat die span se belange bo my eie belange geplaas moet word.
- Altyd lojaal te wees teenoor my spanmaats en hulle nooit in die steek laat deur onnodig weg te bly van oefeninge af, of om in die middel van 'n seisoen op te hou met die beoefening van 'n sportsoort nie.
- Altyd betyds wees vir oefeninge, wedstryde en kompetisies.
- Alle toerusting met respek hanteer.
- By die reëls van die spel hou.
- 'n Nederlaag met ware sportmangees en sonder verskonings aanvaar en erkenning aan die opponente gee.
- Nederig wees in oorwinning.
- Altyd jou beste, ter wille van jouself én jou span, gee.

**7.4 Gedragskode vir ouers**

- Die hoof bly verantwoordelik vir die gedrag en optrede van sy ouers, personeel en leerders.
- Die hoof en personeel moet te alle tye 'n voorbeeld stel vir hulle ouers en leerders.
- Geen ouers mag op 'n sportveld staan tydens die duur van 'n wedstryd nie. Geen ouers moet inmeng tydens oefeninge/wedstryde en die afrigters onderbreek nie. Ouers kan 'n afspraak maak na afloop van oefening/wedstryd indien hy/sy iets wil bespreek.
- Ouers moet hulle nie skuldig maak aan kru taal, uitskel of slegsê van spelers, afrigters of beamptes nie.
- Stel die voorbeeld aan die spelers deur die beamptes se beslissings te aanvaar.
- Ouers moet ingedagte hou dat spelers deelneem vir hulle eie genot en eie gewin, en nié vir die plesier van die ouers nie.
- Bewys respek teenoor die opponente.
- Veroordeel die gebruik van geweld, of dit nou toeskouers óf spelers is.
- Ouers mag nie met die spelpatroon van die afrigters inmeng deur sekere opdragte aan die spelers deur te gee nie.
- Ouerafrigters het geen beheer of seggingskap van enige span waar hy/sy betrokke is met afrigting nie. Die onderwyser het die finale sê rakende spankeuses en besluite.

**7.5 Gedragskode vir personeel**

- Wees altyd betyds vir oefeninge en wedstryde.
- Wees altyd toepaslik geklee vir oefeninge en wedstryde.
- Sien altyd toe dat noodhulp beskikbaar is tydens wedstryde.

- Moet nooit 'n oefening kanselleer op dieselfde dag, of sonder toestemming van die skoolhoof of sportorganiseerder nie.
- Wees altyd voorbereid vir oefeninge en wedstryde.
- Hanteer alle spelers, ouers en kollegas van opponerende skole met groot respek.

### 7.6 Prosedures in geval van wangedrag

1. Waar 'n ouer/persoon hom/haar wangedra, is dit die verantwoordelikheid van die skoolhoof/ Beheerliggaam om aan hierdie ouer die boodskap oor te dra dat sy/haar optrede nie aanvaarbaar is nie. Verder... dat dit 'n verleentheid vir die skool, die ouergemeenskap en leerders is.
2. Indien hierdie persoon nie ag slaan op die berisping nie, moet hy/sy versoek word om in belang van alle partye, nie verdere wedstryde by te woon nie.
3. Indien hierdie persoon sou weier om saam te werk en voortgaan met sy/haar swak gedrag, kan daar aanbeveel word dat so 'n speler uit 'n spanaktiwiteit gelaat word.

# 8. Algemene reëls en etiket

### 8.1 Ouderdomsgroepe

Elke speler mag slegs in sy/haar ouderdomsgroep deelneem. Geen speler mag in 'n ouer ouderdomsgroep speel nie, al is hy/sy beter as die ouer spelers, **behalwe** in ligas waar daar nié voorsiening gemaak word vir jonger kinders nie. Bv. krieket is vir 0/11 en 0/13-spelers. Spelers wat 0/10 is, kan dus in die 0/11-liga speel ens. Preprimêre leerders mag saam met Graad 1 leerders speel in 'n A of B span. Sulke leerders sal deur die graad R-onderwysers geïdentifiseer word in aggenome hulle fisiese vaardighede en emosionele ontwikkeling.

### 8.2 Kies van spanne en spankapteine

#### 8.2.1 Algemen spankeuses: Rugby, netbal, hokkie, krieket en skaak:

Spanne word op meriete gekies. Waar reserwes spanne vergesel, moet hulle speelkans kry. Die afrigter moet sy eie inisiatief gebruik om soos geleenthede voorkom, reserwes speelkans te gee. Indien 'n leerder nie fisies opgewasse is vir kontaksport in 'n wedstrydsituasie nie, moet deelname egter baie versigtig deur die afrigter oorweeg word en moet daar in belang van die speler opgetree word. Daar moet egter sover moontlik geleentheid geskep word vir B- en C-spanne. Indien meer as een span per ouderdom beskikbaar is geld die volgende: Alle A-spanne word op meriete gekies. Die B-spanne word gebruik om almal speelkans te gee. Spelers sal roteer word in die span sodat almal ten minste 2 wedstryde in 'n seisoen speel. In die geval waar daar 3 spanne per ouderdom is, sal die A- en B-spanne op meriete gekies word en die C-span sal dan as rotasie-span gebruik word. Spelers word ook volgens meriete verwys na proewe vir SWD/Eden kleure.

Die kies van spankapteine sal die afrigter se verantwoordelikheid wees. Die afrigter sal sy eie inisiatief gebruik om die spankaptein te kies bv. span wat stem vir kaptein of afrigter wat self kaptein kies. Rotasie van spankapteins word voorgestel (behalwe by 0/13-spanne).

### 8.2.2 Atletiek

Massa deelname word aangemoedig tydens die interhuisbyeenkoms. Deelname aan verdere byeenkomste word bepaal deur die plekke wat atlete behaal het. Elke byeenkoms sal vooraf bepaal hoeveel atlete per item ingekryf word. Top 10 byeenkomste se spanne word gekies deur gebruik te maak van die ASA-puntetabel. Daar word ook gekyk na atlete wat baie goed presteer het deur die jaar en/of wat baie potensiaal toon vir die toekoms.

### 8.2.3 Tennis

- ✓ Spelers se name verskyn op 'n ranglys. Spanne word volgens die ranglys gekies.
- ✓ Spelers moet mekaar uitdaag om hulle posisie op die ranglys te verbeter. Spelers mag slegs die speler direk bokant hom/haar op die ranglys uitdaag. Wanneer spelers uitgedaag word, moet die wedstryd deur die afrigter gereël word.
- ✓ Indien die bogenoemde nie nagekom kan word nie, moet die speler wat uitdaag, 'n skriftelike verskoning by die afrigter aanbied.
- ✓ Indien die wedstryd dan nie by 'n volgende geleentheid a.g.v. dieselfde speler se verskoning kan plaasvind nie, skuif die uitdager in die plek van die uitgedaagde op.
- ✓ Spelers mag gedurende die winterseisoen ook uitdaag om sodoende hulle plek in die seisoen te verbeter.
- ✓ Wanneer twee spelers teen mekaar gespeel het, moet daar 'n tydperk van ten minste 2 weke verloop voordat hulle mekaar weer mag uitdaag.
- ✓ Indien spelers bang is vir foutiewe tellings, mag hulle met die tennisafrigter/verantwoordelike onderwyser reël om vir hulle telling te hou. 'n Onafhanklike persoon moet in beheer wees van die proses. **GEEN OUER** mag telling hou, inmeng of op die bane kom nie.
- ✓ Spelers wat mekaar daag, moet die voorgeskrewe vorm voltooi en aan die afrigter oorhandig.
- ✓ Balle is beskikbaar by die afrigter.
- ✓ Die beste uit drie stelle word gespeel. 'n Stel word gewen wanneer die eerste speler 6 potte het.

## 8.3 Mini-rugby, mini-netbal, mini-krieket en mini-hokkie

Wedstryde vind slegs op 'n vriendskaplike basis plaas en ligawedstryde of ligaspanne is nie ter sprake nie. Die doel van sportdeelname op dié jong ouderdom, is drieledig:
(i) genot van die spel.
(ii) aanleer van vaardighede.
(iii) bevordering van liefde vir die sport.

## 8.4 Toerusting

Hanteer alle toerusting met respek. Afrigters moet verseker dat dieselfde hoeveelheid toerusting ná 'n oefening/wedstryd terugbesorg word. Leerders en afrigters sal aanspreeklik gehou word vir die beskadiging van toerusting, indien dit vir 'n ander doel gebruik word as waarvoor dit vervaardig is.

## 8.5 Kaptein van 'n span

**Die kaptein is verantwoordelik vir:**

- Ontvangs van opponente met tuiswedstryde en die loting.

- Maak seker dat spanmaats korrek geklee is.
- Sien toe dat apparaat(e) na afloop van tuiswedstryde weggepak word.
- Praat met die skeidsregter namens sy span. Die res van die span bly stil op die veld.

**Kies van 'n kaptein:**

- Die kies van spankapteine sal die afrigter se verantwoordelikheid wees. Die afrigter sal sy eie inisiatief gebruik om die spankaptein te kies bv. span wat stem vir kaptein of afrigter wat self kaptein kies. Rotasie van spankapteins word voorgestel (behalwe by 0/13-spanne).

**8.6 Presensie**

- Elke afrigter moet toesien dat hy/sy presensie neem van leerders wat oefeninge en wedstryde bywoon.
- Presensie word aangeteken op die standaard presensievorm soos verskaf deur die sportorganiseerder.
- Elke speler moet ten minste 2 wedstryde per seisoen speel.
- Indien 'n speler die laaste oefening voor 'n wedstryd nie bywoon nie en het nie 'n geldige rede daarvoor nie, kan hy/sy 'n speelkans vir die opkomende wedstryd misloop.
- Indien 'n speler laat opdaag (sonder geldige verskoning) vir 'n wedstryd/sportdag kan hy/sy die speelkans vir die wedstryd/sportdag verbeur.

**8.7 Afwesigheid**

Die volgende reëls moet toegepas word t.o.v. afwesigheid tydens oefeninge/wedstryde:

- 'n Speler moet vooraf 'n skriftelike verskoning inhandig by die afrigter, indien 'n oefening of 'n wedstryd gemis gaan word.
- Ouers moet 'n afrigter onmiddellik in kennis stel indien 'n speler a.g.v. omstandighede buite hul beheer, nie 'n wedstryd kan bywoon nie.
- Indien 'n speler 'n oefening mis, kan so 'n leerder se verkiesing vir 'n volgende wedstryd in gedrang kom, behalwe as daar 'n aanvaarbare rede vir sy/haar afwesigheid was.
- Indien 'n speler 'n wedstryd mis sónder 'n aanvaarbare verskoning, mag die afrigter die speler uit die span haal vir die volgende wedstryd.
- Geen speler mag deelneem aan oefening of wedstryde indien hy/sy siek is nie.

**8.8Sportbeserings**

- Alle beserings moet met groot omsigtigheid hanteer word.
- Tydens byeenkomste word van opgeleide noodhulpbeamptes gebruik gemaak.
- Daar moet altyd met wedstryde waar sport soos, (rugby/atletiek/netbal/hokkie) wanneer Laerskool Hartenbos aanbied, 'n ambulans en paramedici teenwoordig wees.
- Tydens oefeninge moet die noodhulpkissie altyd beskikbaar wees indien nodig. Dit bly elke afrigter se verantwoordelikheid om elke besering aan te meld, waar moontlik eerstehulp toe te pas en die ouers te kontak of toe te sien dat mediese hulp toegepas word deur 'n gekwalifiseerde noodhulpwerker.
- Geen sielkundige druk deur die afrigters word op die atlete wat beseer is toegepas om deel te neem nie. Plaasvervangers word gebruik.
- Geen pynstillende en verbode middels, soos gelys deur ASA, word aan die atlete vóór 'n byeenkoms toegedien nie.

- Die volgende geld vir rugbybeserings: - Harsingskudding - 3 weke afgeboek om nie oefening of wedstryde te speel nie – Arm/been breek/uit potjie – 4-6 weke uit om nie oefening wedstryde te speel nie, tensy doktersbrief hom medies geskik verklaar om weer te kan speel. Skeur van ligamenet (let op graad van skeur) – 4-6 weke.
- Voordat speler terugkeer na veld, moet mediese sertifikaat getoon word dat hy geskik en fiks verklaar is om te kan speel
- Sou 'n persoon herstel van 'n besering en wedstrydfiks is, moet gekyk word na sy meriete alvorens hy teruggeplaas word in die oorspronklike span.
- Andersins, moet 'n speler wat a.g.v. 'n besering een wedstryd misgeloop het, begin oefen in een span laer as die span waarin hy gespeel het.
- Indien hy homself bewys en wedstrydfiks is, kan hy weer direk in sy oorspronklike span opgeneem word.
- 'n Speler wat 'n ernstige besering gehad het en 'n paar wedstryde misgeloop het, moet sy wedstryd in 'n laer span speel.
- Daarna kan hy/sy op meriete onmiddellik in dieselfde span opgeneem word.

### 8.9 Sporttoerusting en fasiliteite

Alle spelers en afrigters moet sporttoerusting en fasiliteite met respek en verantwoordelikheid hanteer. Enige vorm van vandalisme of beskadiging word beskou as 'n ernstige oortreding. Sodanige spelers/afrigters is onderworpe aan die skool se dissiplinêre prosedure, asook vervanging daarvan op die betrokke persoon se eie koste. Enige verlore goedere moet ingehandig word by die afrigter. Alle verlore goedere word na die skoolkantoor geneem.

#### 8.9.1 Huur van Sporttoerusting en fasiliteite

Fasiliteite en toerustig mag uitverhuur word indien daar 'n huurooreenkoms onderteken word en die nodige fooie daarvoor betaal is. Dit is ook belangrik dat die skool nie self die toerusting/fasiliteite benodig op die spesifieke dag wat persone dit wil gebruik nie.
Huurooreenkoms kan by skoolkantoor onderteken word. 'n Kwartaalikse fooi van (Sien Addendum A) is betaalbaar indien privaat afrigters die velde wil gebruik.

# 9. Kleredrag

Ons skool se voorgeskrewe kleredrag vir sportdeelname is as volg:

- Alle sportspanne speel in voorgeskrewe sportdrag, soos vir die spesifieke sportsoort bepaal.
- Slegs **eerste spanne** mag ná goedkeuring deur die skoolbestuurspan, organiseerder en afrigters alternatiewe drag dra, mits bogemelde reël gevolg is.
- **Borgreël:** Geen nuwe- of ander sportdrag mag vir 'n eerste span aangekoop of bestel word, indien dit nie **ten volle geborg** is nie.
- Enige afwyking van die tradisionele kleure van die skool, moet deur die Beheerliggaam goedgekeur word.

# 10. Erkenning en Toekennings

Erkenning en toekennings word gebruik om spelers te motiveer en aan te moedig tot groter sukses.

# 11. Finansies

**11.1 Begroting**
Die Beheerliggaam, sportorganiseerder en sportkodevoorsitters is verantwoordelik vir die sportbegroting.

**11.2 Donasies**
Donasies word verwelkom. Alle donasies moet direk by die skool se finansiële kantoor inbetaal word, of in die skool se bankrekening. Die Finansiële Komitee sal die donasie toeken aan die betrokke sportsoorte en voorafgoedgekeurde uitgawes kan uit die donasie gedek word.

**11.3 Borge**
Borge moet deur die skoolhoof, sportorganiseerder en bemarkingsbestuurder goedgekeur en gekoördineer word.

**11.4 Uitgawes**
Die sportkodevoorsitter en finansiële kantoor is verantwoordelik vir die noukeurige bestuur van alle uitgawes vir sy/haar spesifieke sport.

**11.5 Affiliasie**
Baie sportsoorte is geaffilieer by beherende sportliggame in die provinsie of by sportliggame wat toesig hou oor die sport in ons land. Alle sportsoorte word aangemoedig om dié affiliasie in stand te hou. Affiliasiegelde is normaalweg jaarliks betaalbaar. Die finansiële kantoor moet elke jaar die affiliasiegeld betyds betaal.

**11.6 Sportkode se Borgefonds**
'n Fonds word gestig vir elke sportkode waarin borge die geld kan inbetaal. Gelde wat nie gebruik word nie, staan oor na die volgende jaar. Dit gee die geleentheid om geld beskikbaar te stel vir 'n moeilike jaar in sy/haar spesifieke sportkode. (Addendum B)

# 12. Sportmeriete-beleid

Alle leerders in Laerskool Hartenbos (Gr. 4 – Gr. 7) wat aan sport deelneem, kan kwalifiseer vir 'n nominasie om na die sportdinee uitgenooi te word. Nominasies kan op twee wyses geskied, nl. die diskressie van afrigters en die statistieke van 'n sportsoort.

**12.1 Diskressie van afrigters**
Sekere sportsoorte se nominasies word d.m.v. die diskressie van die onderskeie afrigters en organiseerder gedoen. Na afloop van 'n seisoen word die genomineerde(s) deur 'n paneel (bestaande uit die afrigters en organiseerder) bespreek, bv. rugbykomitee. Sportsoorte wat hieronder sorteer, is: rugby, netbal, landloop, skaak en hokkie.

### 12.2 Statistieke

In sekere sportsoorte word **statistieke** as die norm gebruik om die genomineerde leerders te bepaal. Sportsoorte wat hieronder sorteer, is krieket, atletiek, tennis. Die leerder wat die **hoogste prestasie** in 'n spesifieke sportsoort behaal, word dan as die **beste sportseun/dogter** in die sportsoort aangewys.

### 12.3 Sportseun– en dogter

Die toekenning word aan die leerder wat die meeste punte behaal, volgens die kriteria (Addendum C) vir die toekenning in skool-sportsoorte, toegeken. Indien 'n **gelykop** uitslag verkry word, sal die leerder wat die verste gevorder het in die meeste aantal sportsoorte die toekenning ontvang. Indien dit steeds gelykop is, sal die beker gedeel word.

Die **finale keuse** t.o.v. alle toekennings berus egter by die **Hoof** en die **Sportkomitee**. Indien daar volgens hulle nie 'n geskikte kandidaat is nie, hoef die toekenning nie toegeken te word nie.

# 13. Sportmeriete

### 13.1 Sportdinee:

**KRITERIA VIR TOEKKENINGS BY SPORTDINEE**

- **Toekennings word slegs oorhandig aan leerders van Gr. 4 tot Gr. 7.**
- **Die Gr. 1- tot Gr. 3-leerders ontvang hulle toekennings by die verskillende graadgroepe se Prysuitdelings.**
- **Borge: Minimum van R5 000 gedurende die jaar word genooi.**

**UITSTAANDE PRESTASIE:**

- Uitsonderlike prestasie behaal met deelname op SA-vlak in 'n sportsoort wat deur Laerskool Hartenbos aangebied word. (Slegs eerste, tweede, derde plek).
- Word nie toegeken indien nie van toepassing. Verskil van jaar tot jaar.
- Word geskryf as: Uitstaande prestasie in (sportsoort).
- Toekenning word afsonderlik oorhandig. (Nie by leerder se pakkie nie).
- Indien nie eerste, tweede, derde plek, word dit saam met leerder se pakkie gegee.
- Skoolsport sluit in : Atletiek, hokkie, krieket, landloop, rugby, netbal, skaak en tennis.

**SPORTSEUN / SPORTDOGTER:**

- Slegs skoolsport word hier in berekening gebring vir die toekenning!
- Skoolsport sluit in: Atletiek, hokkie, krieket, landloop, rugby, netbal, skaak, tennis.
- Biathlé, Driekamp, Gimnastiek, Tweekamp word nie by die skool afgerig nie.
- Sien Addendum C.

**SA DEELNAME**

- Alle leerders wat in enige sport, binne of buite skoolverband, gaan deelneem het aan SA-kampioenskappe, kry 'n sertifikaat. (Ballet/ Danse/ Drama/ Kore/ Musiek word tydens die Kultuuraand erkenning gegee).
- Word geskryf as: SA Deelname in (sportsoort).
- Toekenning word oorhandig saam met die leerder se pakkie.

**WES-KAAP KLEURE**

- Alle leerders wat in enige sport, binne of buite skoolverband, Wes-Kaap kleure verwerf het, kry 'n sertifikaat. (Ballet/ Danse/ Drama/ Kore/ Musiek word tydens die Kultuuraand erkenning gegee)
- Word geskryf as: Wes-Kaap kleure in (sportsoort)
- Toekenning word oorhandig saam met die leerder se pakkie.

**SWD-KLEURE**

- Alle leerders wat in enige sport, binne of buite skoolverband, SWD-kleure verwerf het, kry 'n sertifikaat. (Ballet/ Danse/ Drama/ Kore/ Musiek word tydens die Kultuuraand erkenning gegee).
- Word geskryf as: SWD-kleure in (sportsoort).
- Toekenning word oorhandig saam met die leerder se pakkie.

**BELOWENDE SPELER**

- Toegeken aan 'n leerder in elke sportspan in die skool. (Waar van toepassing).
- Toon baie potensiaal in die sportsoort. Koester hoë verwagtinge van die leerder se toekoms in die sportsoort.
- Kan die toekenning aan meer as een speler in die span gee.
- Slegs vir spanne van 0/10 – 0/13. A en B spanne (waar van toepassing).
- Word geskryf as: Belowende speler/speelster in (sportsoort) en (span).
- Toekenning word oorhandig saam met die leerder se pakkie.

**VORDERING SPELER**

- Toegeken aan 'n leerder in elke sportspan in die skool (waar van toepassing).
- Het deurgaans hard gewerk om potensiaal te verbeter in die sportsoort en toon 'n definitiewe vordering in die betrokke sportsoort.
- Kan die toekenning aan meer as een speler in die span gee.
- Slegs vir spanne van 0/10 – 0/13. A en B spanne (waar van toepassing).
- Word geskryf as: Vordering in (sportsoort) en (span).
- Toekenning word oorhandig saam met die leerder se pakkie.

**BELOWENDE SPORTSPAN**

- Toegeken aan 'n sportspan in die skool (waar van toepassing).
- Span toon baie potensiaal in die sportsoort. Koester hoë verwagtinge van die span se toekoms in die sportsoort.
- Statistiek van uitslae word in ag geneem.
- Slegs vir spanne van 0/10 – 0/13. Skool se A-spanne word in ag geneem a.g.v. kompetisie/ aantal wedstryde/ opponent. Indien geen A-spanne kwalifiseer, dan word daar na B-spanne gekyk. (Waar van toepassing).
- Word geskryf as: Belowende span - (sportsoort) en (span).
- Toekenning word afsonderlik oorhandig.

**VORDERING: SPORTSPAN**

- Toegeken aan 'n sportspan in die skool. (Waar van toepassing).
- Span toon meeste vordering in die jaar in die sportsoort.
- Statistiek van uitslae word in ag geneem.
- Slegs vir spanne van 0/10 – 0/13. A en B spanne word in ag geneem (Waar van toepassing).
- Word geskryf as: Beste Vordering as sportspan - (sportsoort) en (span).

- Toekenning word afsonderlik oorhandig.

**SPESIALE TOEKENNINGS**

- Wisseltrofee word aan 'n leerder in 'n skoolsport toegeken.
- Hokkie (seun), hokkie (dogter), krieket, landloop, rugby, netbal, skaak, tennisseun nr.1, tennisdogter nr. 1.
- Elke afrigter gebruik sy eie diskressie.
- Leerder toon baie potensiaal. Het hoë verwagtinge van die leerder in die sportsoort. Gewoonlik 'n leerder wat provinsiale kleure verwerf het of op nasionale vlak deelgeneem het. Gr. 1- tot Gr. 3- leerders kan ook vir hierdie toekennings genomineer word indien daar nie 'n voldoende kandidaat uit Gr. 4 tot Gr. 7 genomineer word nie.

**Kriteria vir Atletiektoekennings:**

- Slegs Mosselbaai Streek, SWD, Wes-Kaap en SA's byeenkomste word in berekening gebring.
- Leerder word punte toegeken vir elke plek wat hy/sy behaal in elke item waaraan deelgeneem word op die bogenoemde byeenkomste.
- Die leerder kry ook punte indien hy/sy in 'n span opgeneem word bv. Seksiespan. Punte vir spaninsluiting word nie per item toegeken nie. Indien atleet in beide baan en velditems ingesluit word, word punte vir albei toegeken. (Bv. Seksie Veld = 5 punte en Seksie Baan = 5 punte. Totaal = 10 punte)
- Punte word as volg toegeken:
  - ✓ 1 punt vir 3de plek.
  - ✓ 2 punte vir 2de plek.
  - ✓ 3 punte vir 1ste plek.
  - ✓ 5 punte vir seksiespan.
  - ✓ 15 punte vir Mosselbaai Streekspan.
  - ✓ 40 punte vir SWD kleure
  - ✓ 100 punte vir Wes-Kaap kleure
  - ✓ SA kleure (SA 1ste plek =2 000punte, 2de plek =750 punte, 3de plek = 300 punte).
  - ✓ Geen punte vir rekords nie, aagesien nie alle byeenkomste se rekords beskikbaar gestel word vir die skool nie.

**********

LAERSKOOL HARTENBOS

Huurooreenkoms: Sportvelde

Huurooreenkoms tussen die Beheerliggaam van Laerskool Hartenbos (hierna genoem die verhuurder) en _____

ID nommer_____ (hierna genoem die huurder)

Per adres _____

Huur:

- Die huurtermyn sal oor een jaar (2022) strek, met dien verstande dat skriftelike kennisgewing vir opheffing van hierdie ooreenkoms gegee kan word deur beide partye, met drie maande kennisgewing.
- Die huurbedrag van R650.00 per kwartaal sal aan die einde van die eerste maand van elke kwartaal (laaste skooldag van die maand) aan die skool oorbetaal word by die finansiële sekretaresse.
- **Deposito van R200.00 vir sleutels** van hekke vir toegang is ook betaalbaar voor aanvang van eerste dag se gebruik.
- Aan die einde van die verhuringstydperk word die kontrak hernu met goedkeuring van beide partye.

Voorwaardes:

Die Atletiekbaan van die Verhuurder word onder die volgende voorwaardes verhuur:

1. Die sportvelde wat gebruik word is die sportvelde van Laerskool Hartenbos.
2. Die velde word slegs gebruik vir sportoefeninge en vir geen ander doel nie.
3. Die Huurder mag nie die velde onderverhuur nie.
4. Die Verhuurder sal die atletiekbaan in 'n netjiese toestand aan die Huurder oorhandig. Die Huurder moet op sy beurt die sport in 'n netjiese toestand agterlaat en die hekke toemaak.
5. Die persone wat van die sportvelde gebruik maak, sal slegs toegang verkry deur die toegangshek oorkant Hartenbos Wimpy. Geen ander hekke mag gebruik word nie.
6. Geen persone word toegelaat om op die skoolterrein, anders as die sportvelde, rond te loop nie.
7. Geen ander/nuwe apparaat word verskaf nie. Geen strukturele veranderinge mag deur die Huurder aan die sportvelde aangebring word nie.

8. Geen verantwoordelikheid sal deur die Verhuurder gedra word vir apparaat wat op die sportvelde agterbly nie.
9. Die Huurder is verantwoordelik vir toesig oor die persone, wat van die sportvelde gebruik maak, vir die volle tydperk van die gebruik. Die Verhuurder is nie verantwoordelik vir enige beserings wat in hierdie tyd deur 'n leerder of volwassene opgedoen word nie.
10. Enige skade wat aan terrein en strukture aangerig word tydens die Huurder se gebruik van die fasiliteite, moet deur die Huurder herstel/vervang word.
11. Die ablusie geriewe langs die sportvelde is beskikbaar vir die Huurder se gebruik. Dit is die Huurder se verantwoordelikheid om toe te sien dat die ablusie geriewe oop- en toegesluit word. Die Verhuurder sal die ablusie geriewe in 'n netjiese toestand aan die Huurder oorhandig. Die Huurder moet op sy beurt die ablusie geriewe in 'n netjiese toestand agterlaat en die deure sluit.
12. Die Dolfyntjie is nie beskikbaar vir die Huurder se gebruik nie.

Gebruikstye:

Die volgende tye van gebruik word ooreengekom:

**Dae:** _____ : **Tyd:** _____

Bogenoemde tye sluit vakansie- en eksamentye uit. Die Verhuurder het egter voorkeur gebruik van die sportvelde. Die Huurder mag nie die sportvelde gebruik terwyl daar skoolaktiwiteite of ander oefeninge aan die gang is nie

Hierdie ooreenkoms kan gewysig word soos en wanneer nodig met toestemming van beide partye. Hierdie kontrak word aangegaan vir 'n termyn van 10 maande vanaf
10 Februarie 2022 tot 10 November 2022.

Geteken te _____ op hierdie_____dag van _____20_____.

_____ _____

HUURDER VERHUURDER

As getuies:

1. _____

2. _____

**********

Lêer: Kontrakte: Kontrak Verhuring van atletiekbaan

# LAERSKOOL HARTENBOS

## Sportbeleid

## (Konsepbrief)

**..... 2022**

Geagte potensiële borg

**BORGSKAP VIR 'N SPORTSOORT VAN LAERSKOOL HARTENBOS**

Ons het die vrymoedigheid om u te nader as borg vir Laerskool Hartenbos se 0/13A-sportspanne vir die 2022- seisoen.

Ons 0/13A-spanne neem aan die SWD-Skoleliga deel en kompeteer teen groot skole regoor die Wes-Kaap. Daar word ook gereeld aan toere en byeenkomste buite Streeksverband deelgeneem. Dit gee u, as borg, baie blootstelling en dien as goeie advertensie vir u besigheid.

RUGBY: Moontlike opsies

1- Hoofborg – R ..... (spasie voor op trui) maak van truie en sluit gazebo in.
2- Hoofborg sonder gazebo – R .....
3- Linkermou – R .....
4- Regtermou – R .....
5- Broekies – R .....
6- Agter op rug, bo nommer – R .....
7- Rugsakke vir 0/13A-rugbyspan (26) – kwotasie
8- Opwarm t-hemp en netjiese hemp vir spandrag (26) – kwotasie

NETBAL: Moontlike opsies:

1- Hoofborg – R ..... (spasie agter op rokkie)
2- Voor – R .....
3- Opwarmings-tops - kwotasie
4- Bipies – R .....
5- Rugsakke – kwotasie

HOKKIE: Dogters

1- Hoofborg – R ..... voor op rokkie)
2- Agter – R .....
3- Opwarmings-top – kwotasie

HOKKIE: Seuns

1- Hoofborg – R.....
2- Agter – R.....
3- Opwarmings-tops – R.....

Krieket: Seuns

1- Hoofborg – R .....
2- Agter – R.....

Tennis:

1- Hemp en rokkie/broekie – R.....
2- Opwarmings-tops – R .....

Atletiek:

1- Interhuis
2- Byeenkomste
3- Top 10 / 20 Atletiekspan
4- .....

Ons borge kry ook ekstra blootstelling op die skool se webtuiste en Facebook en word gereeld genooi na gesellige funksies en spoggeleenthede.

Ons glo dat u ons versoek gunstig sal oorweeg. Baie dankie dat julle bereid is om betrokke te raak by Laerskool Hartenbos. Dit word opreg waardeer!

Vind aangeheg die bankbesonderhede:

Laerskool Hartenbos
Standard Bank van S.A Beperk
Reknr: 0000251946452
Takkode: 051001
Rekeningtipe: Tjek
Verwysing: Borg se naam *2022*

Laat weet gerus as u nog ekstra inligting nodig het om ons borgskap gunstig te oorweeg.

Vriendelike groete

**LAERSKOOL HARTENBOS**
**KRITERIA**
**SPORTSEUN / - DOGTER**

NAAM: _____ JAAR: _____

| SPORTSOORT | | | | Slegs die beste prestasie | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **SKOOLSPORT** | **DEELNAME (1)** | **A-SPAN (2)** | **KAPTEIN VAN SKOOLSPAN (1)** | **EDEN STREEKSPAN (3)** | **EDEN/ WES-KAAP (5)** | **NASIONAAL / DEELNAME (8)** | **KAPTEIN VAN PROVINSIAAL /WES-KAAP (1)** | **ANDER** | **TOTAAL** |
| Atletiek | | | | | | | | | 0 |
| Tennis | | | | | | | | | 0 |
| Krieket | | | | | | | | | 0 |
| Rugby | | | | | | | | | 0 |
| Netbal | | | | | | | | | 0 |
| Hokkie | | | | | | | | | 0 |
| Skaak | | | | | | | | | 0 |
| Landloop | | | | | | | | | 0 |
| | | | | | | | **TOTAAL** | | 0 |

**ANDER prestasies**

1. Toekenningsaand: Trofee ontvang vir beste speler / prestasie (nie vir vordering) = 2 punte
2. Plekke behaal tydens Provinsiale kampioenskappe
   a. 1ste plek = 3 punte
   b. 2de plek = 2 punte
   c. 3de plek = 1 punt
3. Plekke behaal tydens SA-Kampioenskappe
   a. 1ste plek = 3 punte
   b. 2de plek = 2 punte
   c. 3de plek = 1 punt